

11 SEPTEMBER

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 87
FOKUSGEDEELTE: PSALM 87:4, 5**

Uit God versorging en verlossing vir alle nasies

Wie sou in daardie tyd al kon dink dat Egiptenare en Babiloniërs God sou leer ken? Waarskynlik sou jy as 'n trotse Israeliet nie eers begeer het dat heidene, vreemdelinge of volksvyande naby die Here kom nie. Gelowige nadenke laat 'n mens egter verder sien as wat onmiddellik bekend is. Dit geld ook vir die tyd toe die tempel in Jerusalem was. Daarom kon hierdie lied onder inspirasie van die Heilige Gees 'n blik tot in die Nuwe Testament word.

In die tempel het God se volk sy grootheid leer ken. Hy is nie net Israel se God nie, want Hy kan nie ingeperk word nie. Wie God in die tempel gesien het, het gehoor: "Ek reken onder dié wat my ken ook die mense van Egipte en Babel, selfs die van Filistea en Tirus en Kus. Hulle het almal kinders van Sion geword." Sien jy dit ook? Die hemele oorspan meer as jou groep, jou blyplek en jou mense.

Die tempel is op die Sionsberg gebou om God se teenwoordigheid onder sy volk uit te druk. Met die koms van Christus het die Here werklik onder sy volk kom woon – Immanuel, God met ons (vgl. ook Joh. 1:14). God is betrokke by sy volk, want Hy versorg en verlos hulle. Christus het in die volmaakte hemelse tempel ingegaan om vir eens en altyd met 'n volmaakte offer versoening te doen vir meer mense as net vir jou en my. So sterk is God se werk dat dit nie beperk kan bly nie. Dit dring ons om uit te reik en van God se verlossing te vertel aan almal om ons – ons vyande, volksvreemdes en hopelose sondaars. God is groot en Hy wil dat mense Hom ken.

Na sy hemelvaart is Hy by ons deur sy Gees wat in ons woon en ons krag gee om die verlossingsboodskap verder uit te dra.

Sing: Psalm 48:1, 4 (p. 243)

Ds Pieter Odendaal (Harrismith/Qwa-Qwa)